ANNA DAVEL - BIOG

Anna Davel het reeds **6 albums** die lig laat sien en is die afgelope 15 jaar voltyds musikant. Sy het haar Diploma in Ligte musiek/Jazz voltooi aan die Pretoria Technikon in 1998 en was in 1997 die Algehele wenner van die ATKV se Nasionale sang kompetisie Crescendo. Later die jaar sluit sy aan by die gewilde A capella groep **Cutt Glas** en tree vir 6 jaar op saam met hulle. In die tyd het hulle 3 albums vrygestel en die wêreld vol getoer na o.a. Portugal, Finland, London, China en België. Aan die einde van 2003 verlaat sy die groep om te fokus op haar solo loopbaan wat sedertdien tot opwindende hoogtepunte gely het!

Tans tree sy op in **Afri-Frans** saam met die Franse Sangeres Myra Maud in die rolverdeling, asook Laurika Rauch, Anna-Mart van der Merwe en Mathys Roets. Hierdie produksie het landwyd gespeel vir uitverkoopte sale en is gebaseer op die treffer-album Afri-Frans, wat in slegs 'n paar maande platinum status bereik het. Bekende Afrikaanse liedjies soos *Blouberg se strand*, *Gebed*, *Lisa se klavier* etc. is oorvertaal in Frans, en het die verbeelding van Suid-Afrikaners oornag aangegryp en dadelik 'n topverkoper geword.

Anna speel ook in twee films in 2010. 'n Cameo rol in die Afrikaanse musiekblyspel **Liefling- Die Movie,** waarin sy *Ek kyk graag so diep in jou oë* saam met Kurt Darren sing. Sy vertolk ook die rol van Amanda in die langverwagte Franz Marx Film '**Die verhaal van Susannah van Biljon'** teenoor o.a. Karen Zoid, David Reese, Wilna Snyman, Sharleen Surtie-Richards en Louis van Niekerk.

2009 ALBUM VRYSTELLING

Haar sesde CD, **Linger Longer** word beloon met 'n SAMA benoeming as een van slegs 5 CD's vir Beste Jazz album van die jaar saam met internasionaal erkende kunstenaars soos Tutu Puaono - jazz swing musiek van die vorige eeu soos voorheen gesing deur Dean Martin, Frank Sinatra, Nat King Cole etc., en die cd bevat liedjies soos *Can't take that away from me*, *Bewitched, Bothered and Bewildered, Smile, Somewhere over the Rainbow* en *Beyond the Sea*. Hierdie cd vestig Anna as 'n '*Jazz crooner of note'*, in 'n styl wat haar na aan die hart lê.

2007 ALBUM VRYSTELLING

Haar vyfde album **Raaisels, skepe & 1000 drome** is in 2007 vrygestel saam met die debuut van die splinternuwe show wat landwyd getoer het. Resensies beklemtoon die eerlikheid van Anna se oorspronklike komposisies, haar warm stemkwaliteit asook die uitstaande gehalte van die musikale verwerkings.

Toekenning vir haar derde album - **Godinne op die grondpad**;

2006 SAMA Wenner! - Beste album: Afrikaans Kontemporêr.

Hierdie album het die mees gesogde prys in Afrikaanse musiek gewen; die SAMA vir Beste Afrikaanse kontemporêre Album. Teenoor haar was slegs 4 ander kunstenaars genomineer; nl. Karen Zoid, Theuns Jordaan, Lize Beekman en Chris Chameleon. Wat die toekenning meer uitsonderlik maak is dat sy die album onafhanklik vrygestel het en al die musiek self geskryf het.

Haar 2de album **Gypsy** is vir nie minder nie as 8 toekennings benoem!

2004 SAMA
- Beste kontemporêre album: Afrikaans

2003 SABC 2 GMT Awards
- Album van die jaar
- Beste kontemporêre album
- Beste Klankingenieur
- Beste vervaardiger
- Beste liedjieskrywer
- Beste omslag ontwerp
- Beste vroulike sanger

Haar eerste solo-album **Te Diep** is op eie stoom vrygestel in 2000: Dit is deur Beeld se jaarlikse terugskou op die musiektoneel uitgesonder as een van die top vrystellings van die jaar en is vir 3 pryse genomineer;

2001 SAMA (South African Music Awards):
Beste kontemporêre album: Afrikaans
2001 SABC 2 GMT Awards:
Beste Rock Album
Beste kontemporêre album

ANDER TOEKENNINGS EN NOMINASIES

'n **Kanna toekenning** vir Dagboek van 'n Swerwer - waarin Anna teenoor Jannie du Toit speel. Dit volg na 'n **FNB Vita toekenning** as Beste nuwe akteur/aktriese 2002 vir die voorloper teaterproduksie 'Skadu's teen die Muur'. Uittreksels uit hierdie produksie is saam met Jannie du Toit en Christa Steyn in Oktober 2002 in België opgevoer.

Sy is in 2008 vir 'n VMT Vonk Musiek Toekenning benoem as **Beste Vroulike Kunstenaar** saam met Juanita du Plessis, Lianie May, Amanda Strydom en Sarah Theron.

PRODUKSIES

- **Televisie verskynings** sluit in Top Billing, Live with Nataniël, Pasella, Draadloos, Geraas, Pitstop, Morning Live, Gons, Hoenner, 7de Laan, Stoom, Dis hoe dit is met Steve, DKNT en Kwêla. Anna haar debuut as aktrise gemaak en groot opskuddings veroorsaak as die wulpse Anke in **Egoli**. Sy was ook saam met Chris Cameleon, Gloria Bosman en Zwai Bala gaskunstenaar tydens die 1000ste Episode Bal feesviering van **7de Laan, SABC2** se gunsteling sepie. Die Bal is gesien deur meer as 1,6 miljoen kykers.
- **Radio** - Anna se musiek word landwyd gespeel op o.a. Classic FM, Radio 2000, RSG, Radio Algoa, Oosrand Stereo, Laeveld stereo, Radio Rosestad, Radio Helderberg, Overvaal Stereo, IFM. Sy spog met 'n nommer 4 treffer op OFM se Global Charts (*Teen die einde van die Aand*), uitsonderlik vir 'n plaaslike kunstenaar.
- Sy het sedert 1997 reeds **12 musiekproduksies vervaardig** vir kunstefeeste en teaters o.a.: *Te Diep*, *Pers*, *Moegewroeg*, *Slaapdans, Die Kleur van Klank*, *Gypsy, Ashes, Godinne op die Grondpad, Linger, Raaisels, Skepe & 1000 drome, Linger longer* en *Bon Appetit.* Een van haar gewildste produksies *Boheem!* is geskryf deur die bekroonde Jaci de Villiers en is saamgestel uit eksotiese Europese musiek.
- In 2002 tree sy op in die treffer produksie **Al daai jazz** by die KKNK, saam met Amanda Strydom, Mynie Grove, Gloria Bosman, Karen Zoid e.a. Hierdie produksie word landwyd gesien.
- Anna speel vir die eerste keer in 2004 musikale regisseur in **Ma'Divine**, 'n produksie waarin sy ook opgetree het saam met Trix Pienaar, Elzabe Zietsman, Sarah Theron en Natalia da Rocha. Hulle het staande ovasies ontvang tydens die Woordfees in Stellenbosch.
- In 2004 vervaardig sy die vuurwarm **Ashes**, 'n Latyns-Amerikaanse musiekvertoning, geskryf deur Nataniël en onder regie van Sandra Prinsloo.
- Sy het in 2004 die musiek geskryf vir **View op die Highway**, 'n musiekteater stuk met Alexa Strachan en Roelof Colyn. In 2005 skryf sy die musiek vir die loket treffer komedie **Haar, Hare** wat vir vol huise gespeel het tydens Aardklop Nasionale kunstefees.
- In 2005 speel sy vir sowat 3000 mense in **Nagkantoor**, 'n drama/musiek tribuut aan Koos du Plessis. saam met Matthys Roets, Jannie du Toit e.a. in die Big Top Arena, Carnival City.
- In 2006 word Anna uitgenooi na die Kanasie fees in Canmore, Alberta in **Kanada** saam met kunstenaars soos Thandi en Lorainne Klassen, Randall Wicomb en Karen Zoid. In Maart 2007 tree sy vir 'n tweede keer op in Londen.
- Sy was verantwoordelik vir die skryf en vervaardig van die gewilde make-over televisie reeks, FACE 2 FACE op **SABC2 se temamusiek** in 2004. Dit is gesing deur die fenomenale Jennifer Jones. Anna se musiek is sedert 1992 opgeneem op albums van o.a. Elzabe Zietsman, Carike Keuzenkamp, die Zing! wenners Johnny en Vivian, Jannie du Toit, Christa Steyn, Snotkop, Jolette Odendaal en Herman van den Berg.

info@annadavel.com of www.annadavel.com